# BSportSci (10135010)

| | |
|---|---|
| **Minimum duur van studie** | 3 jaar |
| **Totale krediete** | 409 |
| **Kontak** | Prof PS Wood paola.wood@up.ac.za +27 (0)124206046 |

## Programinligting

Hierdie voltydse driejaarprogram behels twee spesialiseringsopsies, naamlik Biokinetika en Sportwetenskap. Die eerste twee studiejare van die program bestaan uit ’n generiese kurrikulum wat deur al die BSportSci-studente gevolg word en sluit in basiese en toegepaste wetenskap van die menslike liggaam. Aan die einde van die tweede jaar vind keuring plaas op grond van akademiese meriete en studente sal verdeel in ’n spesifieke Sportwetenskap-kurrikulum of Biokinetika-kurrikulum tot en met die einde van hul derde jaar. Die eerste jaar van internskap van die Biokinetika-studente vind plaas gedurende die derde studiejaar. Daarna gaan Biokinetika-studente voort met die BScHons in Biokinetika asook hulle tweede jaar van internskap. Die vierjaar-Biokinetika-programstruktuur (3+1) is in ooreenstemming met die nuwe regulasies van die GBRSA wat betref biokinetikaopleiding wat al die universiteite wat hierdie program aanbied sal volg. Die Sportwetenskap-studente het die opsie om voort te gaan met die BScHons in Sportwetenskap, die NGSO of om te begin werk in die sportindustrie.

## Toelatingsvereistes

- Die volgende persone sal vir toelating oorweeg word: ‘n kandidaat wat in besit is van ‘n sertifikaat wat deur die Universiteit beskou word as ekwivalent aan die vereiste Graad 12-sertifikaat met universiteitsvrystelling, ‘n kandidaat wat aan ‘n ander tersiêre instelling gegradueer het of aan wie die status van ‘n gegradueerde van sodanige instelling toegeken is, en ‘n kandidaat wat aan ‘n ander fakulteit aan die Universiteit van Pretoria gegradueer het.
- Lewensoriëntering word van die TPT-berekening uitgesluit.
- Graad 11 se finale-eksamenuitslae, die Nasionale Normtoets (National Benchmark Test – NBT) se uitslae en ‘n Toegevoegdewaarde-vraelys sal vir die voorlopige toelating van voornemende studente gebruik word.
- Toelating tot Gesondheidswetenskappeprogramme is onderhewig aan ‘n keuringsproses.
- Die som van die uitslae van ses vakke, waaronder Engels, Wiskunde en Fisiese Wetenskap of Lewenswetenskappe, word vir keuringsdoeleindes bereken.
- Kandidate, neem asseblief kennis dat jou TPT nie met meer as twee punte mag daal in die uitslae van jou finale skool-eksamen nie ten einde jou voorlopige toelating te behou.

**Let daarop** dat voldoening aan die minimum toelatingsvereistes nie noodwendig toelating tot enige program in hierdie Fakulteit waarborg nie.

| Minimum vereistes |
|---|
| Prestasievlak |

| Engels | | | | Wiskunde | | | | Fisiese Wetenskap of Lewenswetenskap | | | | TPT |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| NSC/IEB | HIGCSE | AS-Level | A-Level | NSC/IEB | HIGCSE | AS-Level | A-Level | NSC/IEB | HIGCSE | AS-Level | A-Level | |
| 5 | 3 | C | C | 5 | 3 | C | C | 5 | 3 | C | C | 30 |

# Kurrikulum: Jaar 1

**Minimum krediete: 138**

## Fundamentele modules

Akademiese inligtingbestuur 111 (AIM 111) - Krediete: 4.00
Akademiese inligtingbestuur 121 (AIM 121) - Krediete: 4.00
Akademiese Engels vir Gesondheidswetenskappe (Bcur, Bdieetkunde, BOH, BArb en BPhysT) 131 (ELH 121) - Krediete: 6.00
Akademiese Engels vir Gesondheidswetenskappe 122 (ELH 122) - Krediete: 6.00
Akademiese oriëntasie 110 (UPO 110) - Krediete: 0.00

## Kernmodules

Inleiding tot menslike anatomie 123 (ANA 123) - Krediete: 8.00
Sportbeserings I 110 (EXE 110) - Krediete: 12.00
Navorsing I 111 (EXE 111) - Krediete: 12.00
Motoriese leer en ontwikkeling I 120 (EXE 120) - Krediete: 12.00
Oefenwetenskap-programontwikkeling I 121 (EXE 121) - Krediete: 12.00
Meting en evaluering I 122 (EXE 122) - Krediete: 12.00
Fisiologie 110 (FSG 110) - Krediete: 6.00
Fisiologie 120 (FSG 120) - Krediete: 6.00
Mediese terminologie 180 (MTL 180) - Krediete: 12.00
Fisika vir Biologiese studente 131 (PHY 131) - Krediete: 16.00
Sportprakties 100 (PRC 100) - Krediete: 12.00

# Kurrikulum: Jaar 2

**Minimum krediete: 141**

## Kernmodules

Motoriese leer en ontwikkeling II 221 (EXE 221) - Krediete: 16.00
Sportbeserings II 222 (EXE 222) - Krediete: 16.00
Voeding vir oefening en sport 223 (EXE 223) - Krediete: 16.00
Basiese noodsorg 286 (GNK 286) - Krediete: 5.00
Sportprakties II 200 (PRC 201) - Krediete: 16.00
Oefenfisiologie I 212 (SMC 212) - Krediete: 14.00
Biomeganika I 213 (SMC 213) - Krediete: 16.00
Menslike anatomie II 214 (SMC 214) - Krediete: 16.00
Oefenfisiologie II 221 (SMC 221) - Krediete: 14.00
Byeenkoms en fasiliteitebestuur 211 (SMS 211) - Krediete: 12.00

# Kurrikulum: Finale jaar

**Minimum krediete: 130**

## Kernmodules

Oefenwetenskap-program ontwikkeling II 310 (BGN 310) - Krediete: 15.00
Toetsing en evaluering II 320 (BGN 320) - Krediete: 15.00
Biomeganika II 321 (BGN 321) - Krediete: 15.00
Navorsing II 301 (EXE 301) - Krediete: 20.00
Sportbeserings III 310 (EXE 310) - Krediete: 15.00
Sportsielkunde 212 (MBK 212) - Krediete: 10.00
Oefenwetenskap-praktyk 301 (PRC 301) - Krediete: 20.00
Oefenfisiologie III 320 (SMC 320) - Krediete: 20.00

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as 'n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.